



Jrg. 8 Kaapstad, Woensdag, 10 Augustus 1949 Prys 3d. No. 38

Geslaagde Funksie Op Stellenbosch £225 Ingesamel

Die Stellenboschse kommandos het verlede Saterdag, met Fondsdag, weereens pragtig presteer, het genl. W. R. Laubscher, in bevel van die afdeling, aan Die O.B. meegedeel. Die bedrag wat ingesamel is staan voorlopig op £225 en daar is nog kollektelyste uitstaande. Die basaar, wat Saterdagoggend in die Banketsaal gehou is, was in alle opsigte geslaagd.

Die hartelike gees van samewerking wat geheers het, het aan die byeenkoms 'n uiters gesellige en intieme karakter gegee.

Nie alleen het al die O.B.-lede die basaar verdienstelik ondersteun nie, maar verskeie andersdenkende persone het opgedaag om gesellig 'n koppie tee te geniet met hul O.B.-vriende en om van die lekkernye te koop.

Die basaar tafels was volgelaa met vleis, lekkers, koek, poeding, klerasie en nog baie ander artikels. Die verkoping het fluks gevorder en teen die middag was die tafels leeg. Gedurende die hele oggend het

O.B.-dames-studente in die kafee bedien. Die kafee het die geselligheid van die basaar verhoog; die heerlike pannekoek en vleispasteitjies het groot aftrek geniet.

Die basaar is geopen deur hoofkomdt. Jan de Waal wat in 'n paar gepaste woorde herinner het aan die ontstaan en taak van die O.B. Komdt. Tielman Roos het die werksaamhede van die dag met 'n gebed ingelui.

Genl. Laubscher het gesê dat nie alleen dank en waardering toekom aan die offisiere en brandwagte wat so gewillig en ywerig gewerk het nie, maar ook gelukwensing met die sukses behaal. Besondere waardering moet uitgespreek word teenoor die kommedante en haar wakker veldkornettes want dit is hulle harde werk wat die suses behaal het.

HOTTENTOTS-HOLLAND

Komdt. E. E. de Waal, wat in bevel is van die Hottentot-Hollandse vroue-kommando, en wat in noue samewerking met die Stellenboschse vroue-kommando optree, kondig aan dat haar kommando £36 ingesamel het vir 8 Augustus. Die mannekommando van Hottentots-Holland is nog druk besig om hul insamelings te doen.

Die kommando van Stellenbosch en die vroue-kommando van die Strand is die eerste kommando in my generaalskap om hul insamelings te voltooi; het genl. Laubscher gesê. Ek is met albei se prestasies hoog in my skik... Ek is seker dat hulle voorbeeld vir groter sowel as kleiner kommandos 'n aansporing sal wees om ewe mooi of mooier te presteer.

BRITTANJE DRYF DUITSERS TEEN HUL SIN IN ARMS VAN STALIN

(Van Ons Korrespondent In Duitsland)

Deur sy beleid van aftakeling van Duitse nywerhede veral op 'n tyd-stip van verkiesingspanning is Brittanje besig om die Duitse volk te verenig in 'n gemeenskaplike front wat teen sy sin die Russiese taktiek sal ondersteun, verklaar ons korrespondent uit Duitsland in verband met die verkiesing wat aanstaande Sondag plaasvind. Dit is die eerste verkiesing wat gehou sal word sedert die oorlog kragtens die konstitusie van Bonn wat deur die Geallieerdes op die Duitse volk afgelaai is.

VOORUITSIGTE VAN VERKIESING

By die Christelike-Demokrate het die ministerpresident van Nordrhein-Westfalen, Karl Arnold, deur middel van sy duidelike, karaktervolle houding teenoor die aftakeling van fabriek, ens. baie aan populariteit gewen. Daar word vermoed dat Arnold homself vir die pos van Bondskanselier verkiesbaar sal stel, terwyl die gryse dr. Adenauer vir die presidentskap in aanmerking kan kom. Ander persone wat vooruitsigte het om in Bonn gekies te word is ministerpresident Ehard uit Beiere, wat polities versoenend gesind is en die direkteur van ekonomie in Frankfurt, prof. dr. Erhard—'n man vol lewens- en wilskrag. Dit kan nouliks aangeneem word dat dr. Schumacher sy posisie as amper-diktatoriale leier van die Sosiaal-Demokrate (S.P.D.) sal opgee. Werklike populariteit, ook in die buitelandse politiek het 'n man soos prof. dr. Carlo Schmidt. Hy is van Duits-Franse afkoms

en het blykbaar daardeur goeie betrekkinge met Franse kringe en ook met die Franse minister van buitelandse sake, Schumann, wat bereid is om 'n konstruktiewe Duitsland-beleid te volg.

Miskien sal die Sosiaal-Demokrate nog as die sterkste party uit die verkiesing kom, maar hy sal seker nie 'n volstrekte meerderheid, nl. meer as 50% van die afgevaardigdes, hê nie. Indien daar 'n koalisie kom tussen die Christelike-Demokrate en die Liberale Party, kan die Sosiaal-Demokrate vereers nog in die opposisie bly en hulle aan die verantwoordelikheid in verband met 'n Wesduitse staat onttrek.

VLUGTELINGE

Die beslissende faktor in die toekomstige politieke ontwikkelinge is die 12 miljoen vlugtelinge wat polities wel nog nie georganiseer is nie, maar as 'n vyfde bevolkingsklas bestaande uit volkome verarmde mense van alle moontlike opvoedingsgrade, die gevaar van 'n proletariaat kan veroorsaak en wat reeds vandag met hulle sosiaal-politieke eise 'n belangrike front daarstel. Dit is net ge-

deeltelik die partye se skuld dat hulle nie die vlugtelingsprobleem kon baasraak nie. Duitsland alleen kan die vraagstuk nie oplos nie. Maar die vlugtelinge kan met volle reg die partye verwyt dat hulle tot die probleem bygedra het. Daar is 'n neiging by sowel die Christelike-Demokrate as die Sosiaal-Demokrate om geen vlugtelingskandidate te benoem ten einde die stemme van die oud-ingesetenes nie te verloor nie. Die vlugtelinge het dus probeer om hulself te organiseer, maar dit is deur die Amerikaanse besettingsmagte verbied, aangesien hulle in so 'n politieke vlugtelingsorganisasie die gevaar van 'n radikale beleid gesien het. Dit het gebyk dat sowel in Oostenryk as in Duitsland sekere vlugtelingskringe die neiging toon om hulle verkiesingsvoorstelle met die van die kommuniste te vereenselwig. Dit is sonder twyfel 'n gevaar; maar is op die oomblik in Duitsland nie so akuut nie, aangesien die meeste Duitse vlugtelinge Rusland as die oorsaak van hulle ellende beskou.

NUWE POLITIEKE BEWEGINGS

Sulke bewegings, soos b.v. die Duitse Bond (sonder vaste program, voorstanders van persoonsverkiesing, presidentiële demokrasie met sterk uitvoerende mag) beantwoord blykbaar meer aan die politieke wil van die volk as die groot partye. As party het die Duitse Bond nog nie in die openbaar opgetree nie.

TOEKOMSTIGE REGERING

Hoe ver die volmag van die toekomstige Wes-Duitse regering en parlement sal strek, sal eers deur die praktyk gewys word. Die deel van die konstitusie wat oor die besetting handel, is so omskrywe dat dit na alle kante uitgebrei kan word. Dit laat aan die besettingsmagte die reg om in die Duitse staatsbelange in te gryp; maar staan ook aan die Duitsers die vrye handhawing van hul eie belange toe. Die Duitsers weet dat die moontlikheid om 'n vry (vervolg op bladsy 8, kol. 3)

Priester Kry Tronkstraf Omdat Hy Sakrament Weerhou

'n Katolieke priester, Alois Fajsti, is verlede week in Tsjeëgo-Slowakye tot agt jaar tronkstraf veroordeel om dat hy ooreenkomstig die pouslike dekreet dat geen Katoliek 'n Kommunist mag wees nie, geweier het om die mis te bedien aan 'n Kommunistiese vrou.

Die regering het aangekondig dat hy enige priester wat uitvoering gee aan die pouslike dekreet as 'n verraaier sal beskou en behandel. Inmiddels is reeds 12 priesters deur die Katolieke Kerk in Tsjeëgo-Slowakye uitgesluit omdat hulle die regering ondersteun in sy optrede teen die Pous.

GLO AAN STREWE VAN OSSEWABRANDWAG

Onder Voorsitterskap van hoofgenl. Japie van der Merwe, het Gebied C se Gebiedsraad Saterdag, 30 Julie, te Kroonstad vergader.

Dit het duidelik geblyk dat die hegte bande wat daar gebind is tussen offisiere en offisiere en offisiere en brandwag in die O.V.S., deur niemand en niks ter wêreld verbreek sal kan word nie.

Die geloof in die doel en strewe van die O.B., en die troue en waardering in sy leier, blyk uit die volgende voorstel:

„Hierdie vergadering van hoofoffisiere herhaal sy geloof

in die doel en strewe van die Ossewabrandwag, asook sy volle vertroue en waardering in sy leier en sal alle nodige stappe, hetsy publiek of intern-vertroulik doen en ondersteun wat die voortsetting van die O.B. sal dien.”

Die K.G. wat ook Gebiedsleier van Gebied C is, was ook teenwoordig en het in 'n kort en kragtige toespraak die aanwesige offisiere toegelig oor die huidige posisie van die O.B.

Verskillende sake rakende die O.B. was ter sprake en vloeiende oplossings was vir alles gevind. —(Korr.)

Skoolbioskope Ontaard Tot Vermaaklikheidsinstellings

Klagtes het DIE O.B. bereik dat die stelsel van skool-rolprente wat aanvanklik bedoel was om as hulpmiddel vir die onderwys te dien deur dat van opvoedkundige rolprente gebruik gemaak word om die kinders 'n aanskoulike les te gee, tans deur sommige skole misbruik word vir gewone vermaaklikheidsvertonings. Na verklaar word laat sommige prente heelwat te wense oor sover dit geskiktheid vir kinders betref.

Die projektors wat deur die skole aangekoop word, word deur die provinsiale departemente van onderwys gesubsidieer op die grondslag van 'n pond vir 'n pond. Aangesien dit die eiendom van die skole word,

het die departement geen seggenskap oor die gebruik daarvan nie. Die opvoedkundige prente word wel deur die biblioteek van die Unie-onderwysdepartement verskaf, wat ook in Kaapstad 'n sub-biblioteek het. Maar benewens hierdie prente, wat uit die aard van die saak gekeur word, kan die skole ook prente huur van die gewone rolprentmaatskappye. Behalwe die sensorraad van die regering wat alle rolprente moet nagaan, word hierdie vermaaklikheidsprente aan die skole deur geen verantwoordelike liggaam gekeur nie. 'n Amptenaar van die Departement van Onderwys verklaar dat daar wel 'n versoek aan onderwysers gerig is om eers 'n voorafvertoning te

hou ten einde te verhoed dat skadelike prente vertoon word maar volgens inligting wat aan DIE O.B. verstrekt is, geskied dit nie in alle gevalle nie. Sommige skoolhoofde hou strenge toesig, maar in party skole word die prente ook aan die publiek teen betaling vertoon en dus vooraf geadverteer, sodat daar nie altyd geleentheid is om 'n prent terug te stuur in ruil vir 'n ander nie. Prente van misdaad en ander ongewenste temas kom sodoende op die doek van die skoolbioskope.

Ouers wat 'n waaksame beleid volg ten opsigte van hul kinders en die bioskope voel erg verontus oor die nuwe ontwikkeling in die skole.

Party Afwesig: Eenheid Gedy

„In Noord-Rhodesië is daar nog nie politieke partye nie. Dit is persone wat gekies word. . . . Die verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes is oor die algemeen goed. Daar is in Noord-Rhodesië minder jingoïsme as in Suid-Rhodesië of in die Unie.” (Die Burger, 22 Julie 1949.)

„In Noord-Rhodesië is daar 'n baie sterk band wat Afrikaans- en Engelssprekendes verenig: 'n gesamentlike vyandigheid teenoor die staatsbestuur uit Londen.” (Die Burger, 20 Julie 1949.)

Kommentaar: Waar politieke partye afwesig is, is daar geen vyandskap na binne nie, net gemeenskaplike vyandskap na buite.

(LEES OOK ONS HOOFARTIKEL.)

Herlewing Van Nazisme Besorg Hoofbrekens

John McCloy, militêre goewerneur in die Amerikaanse besettingsgebied van Duitsland, beskou die herlewing van die Nazisme in so 'n ernstige lig dat hy aangekondig het dat hy ondersoek gaan in stel na „die Nazi's se terugkeer tot die magsposisie.”

Statistiek saamgestel deur die Amerikaanse militêre regering toon dat die aantal voormalige Nazi's in staatsdepartemente, soos die ministeries van voedsel, finansies, justisie en onderwys wissel van betreklike lae persentasies tot selfs sulke hoë syfers as 80 en 90 persent.

Beamptes van die Italiaanse regering beweer dat die nuwe Italiaanse Fascistiese Beweging, wat aanspraak maak op 300,000 ingeskrewe lede, in werklikheid op meer as 'n miljoen ondersteuners kan staatmaak. Hoewel die Beweging slegs vyf verteenwoordigers in die Italiaanse parlement het en slegs 10 persent van die kiesers verteen-

woordig, groei die ledetal gedurig aan.

GROEI

In die algemene verkiesing van April 1948 het die party, wat toe nog baie jonk was, slegs 28,480 stemme of .98 persent van die totale aantal stemme gekry. Agt maande later het hulle 3.5 persent van die totale aantal stemme in tussenverkiesings in Noord-Italië gekry. Gedurende die verkiesing wat in Mei vanjaar in Sardinië plaasgevind het, het die party 35,672 stemme, of vyf persent van die totale aantal stemme ingeoes.

In Junie het die party in die verkiesing in Triëste nog verder vordering gemaak en 10,222 stemme verteenwoordigende 5.2 persent behaal.

Baie politieke waarnemers is dit eens dat die fasciste-party in die verkiesings aanstaande jaar nog meer stemme sal inoos, maar hulle meen dat dit nog baie lank sal duur voordat die fasciste 'n sterk parlementêre krag sal word.

Ter herdenking van die geboortedag van Mussolini is verlede Vrydag spesiale misdienste in sommige van die kerke van Rome gehou. Kerkgangers het na die dienste die Fascistiese saluut gegee. In die môre, voor die dienste gehou is, het 'n motor met bedekte nommerplate deur die strate gery en pamflette rondgestrooi waarin Mussolini aangeprys word.

• Hy wat in „Die O.B.” adverteer is werd om ondersteun te word!

Vooruitgang Van Fasciste Ook In Italië

20 Miljoen Om Hulle Oor Te Bekommer

Die internasionale komitee van die Rooikruis het vasgestel dat ongeveer 20 miljoen Indiërs dood of dakloos geraak het as gevolg van die onluste wat ontstaan het met die verdeling van Indië in twee state — Pakistan en Indië. Op die oomblik is daar nog 800,000 vlugtelingen. Die komitee beveel aan dat die twee Indiese state tot 'n ooreenkoms moet kom omtrent die toestand van laasgenoemdes of so nie moet die V.V.O. ten behoeve van hulle ingryp.

Volgens hierdie gegewens blyk dit dat die Indiese regerings heelwat stof in hul onmiddellike nabyheid het om oor bekommerd te wees, en dus nie nodig het om hul krag te verspil in verband met die 250,000 Indiërs wat in Suid-Afrika in weelde lewe vergeleke met hul rasgenote in die vaderland nie.

H.N.P.-JEUG WIL REPUBLIEK BUITE EMPIRE

Die verklaring van hul erepresident, adv. J. G. Strydom, Minister van Lande, aangaande die strewe na 'n republiek buitekant die Britse Ryk, wat hy op 11 Mei 1949 in die Volksraad afgelê het, het die eenparige en heelhartige ondersteuning van die kongres van die Nasionale Jeugbond van Transvaal weggedra, berig Die Transvaler.

KAN INDIESE BURGERS WORD

Kragtens die Indiese grondwet, wat op 26 Januarie van krag sal word, sal die 250,000 Indiërs in Suid-Afrika moet kies tussen Indiese en Suid-Afrikaanse burgerskap.

Die Indiese grondwetmakers het nou die geleentheid geskep vir Indiërs in Suid-Afrika waarvoor hulle oënskynlik reeds vir jare gewag het. Die Indiërs in Suid-Afrika is bitter ontevrede met hul Suid-Afrikaanse onderdaanskap en het reeds herhaaldelik by die Indiese regering en die V.V.O. hul ontevredenheid gelug. Nou skep die Indiese regering vir hulle die geleentheid om los te kom van Suid-Afrikaanse onderdaanskap. Hulle kan dit doen sonder om staatsloses te word, dog wel deur Indiese burgers te word.

Die Indiërs in Suid-Afrika wat voel dat hulle 'n onderdrukte minderheid is, aan wie geen geleentheid gegun word nie, sal seker gretiglik gebruik maak van die aanbod van die Indiese regering.

REPATRIASIE

En dit is sekerlik nie te veel om te verwag dat repatriasie van Indiërs uit Suid-Afrika na Indië op groot skaal in die nabye toekoms sal plaasvind nie. Dit is vanselfsprekend dat Indiërs in Suid-Afrika wat hier „onderdruk” word graag na Indië sal wil verhuis waar hulle volle burgerregte sal geniet.


Uit Karatsji word berig dat die Suid-Afrikaanse regering in-

gestem het om voorlopige samesprekings te voer met die regerings van Indië en Pakistan oor die behandeling van die Indiërs in die Unie. Die voorlopige samesprekings sal glo net gaan oor die opstel van 'n agenda vir moontlike verdere samesprekings.

Dit is te hope dat repatriasie voorrang op die agenda sal geniet.

Hulde Aan Afgetrede Offisier

'n Twintigtal hoër offisiere van die Skiereiland wat onder hoofgenl. P. D. Rousseau gedien het, het op 2 Augustus by wyse van 'n eetmaal in 'n hotel formeel afskeid geneem van genl. Rousseau wat weens gesondheidsredes hom onttrek het aan



GENL. P. D. ROUSSEAU

aktiewe deelname as offisier van die Ossewabrandwag. Die verrigtinge is gelei deur hoofgenl. J. de Vos wat genl. Rousseau opgevolg het. In die gesellige atmosfeer is herinneringe uit die ou dae weer opgediep onder andere ook deur ds. J. D. Vorster wat een van die stigterslede van die Beweging in Kaapland was en deur die redakteur van Die O.B. wat die eerste hoofsekretaris was, terwyl genl. W. R. Laubscher een en ander oor die toekoms gesê het.

Hulde aan die eregas is gebring deur genl. J. de Villiers Truter wat die heildronk ingestel het. Hy het gewys op die groot betekenis wat die teenwoordigheid van genl. Rousseau in die Ossewabrandwag vir die Beweging gehad het, veral weens sy karaktervastheid.

In sy antwoord het genl. Rousseau beklemtoon dat die idee van broederskap wat die O.B. verkondig vir hom een van die uitstaande eienskappe was wat hom tot die Beweging aangetrek het.

HOOP VIR MELAATSES

Die resultate van 'n nuwe verdowingsmiddel wat vir melaatsheid gebruik word, is merkwaardig, het dr. A.R. Davidson, mediese superintendent van die Wesfortse inrigting vir melaatses verlede week gesê. Die gebruik van hierdie middels het nuwe hoop in die inrigting gebring.

TE KOOP

Velskoene!




Almal met riem genaai. Bruin of wit bo-leer met blou sole soos afbeelding 19/6.
Bruin of wit bo-leer met motorband-sole sonder hakke 18/6.
Pryse posvry. Kontant met bestelling

H. STEINMANN

SENDING-WINKEL

Goedverwacht, oor Moravia, K.P.



BEROEMD en WELBEKEND
oor die 66 jaar vir
BESTE WAARDE

in
KLAVIERE

VLEUELKLAVIERE
HUIS- EN KERKORRELS




sowel as alle

ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE en Toebehore.
GRAMMOFONE, Plate, ens. — DRAADLOOSTOESTELLE
BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid

Spesiale Afdeling:

WAPENS



PATRONE, Jagbenodigdhede, VERKYKERS, Weerglase
Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.

Nuwe afdeling vir

YSKASTE • ELEKTRIESE STOWE • Elektriese Artikels

R. MÜLLER (Eiens.) BPK.

Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD

Reënmakery In V.S.A. 'n Mislukking

Die Amerikaanse lugmag het afgesien van sy proefnemings om reën te maak, lui 'n berig uit New York. Na bestudering van sy proefnemings oor die afgelope jaar het die lugmag tot die gevolgtrekking gekom dat die metodes wat aangewend is, nie die gewenste resultate gelewer het nie, en dus nie die moeite werd is om voort te sit nie.

Onlangs is berig dat daar in die Unie nog voortgegaan sal word met proefnemings in verband met reënmakery.

Organisasie Vir Wêreldregering In S.A. Bedrywig

Vooraanstaande persone in Suid-Afrika beywer hulle, soos diegene in baie ander lande, vir 'n federale wêreldregering in 'n poging om oorlog en wêreldhongersnood te voorkom, het mnr. Nicholas G. Smith, van die Universiteit van Utah, Amerika, verlede Dinsdag voor die Johannesburgse rotarierklub gesê.

Hierdie woorde van mnr. Smith het betrekking op die wêreldwye organisasie — Die Veldtog vir 'n Wêreldregering — wat in 1947 in Montreux gestig is. Die organisasie het reeds vertakings in meeste lande van die wêreld en beoog 'n wêreldkonferensie van volke in Genève in 1950 wat 'n oktrooi vir wêreldregering moet opstel. Sodanige regering moet in 1955 daargestel word.

„Ons het baie min tyd tot ons beskikking: minder inderdaad as wat die meeste mense besef”, verklaar die organiseerders van Wêreldregering in Suid-Afrika. Die mensdom se keuse is tussen Een of Geen Wêreld, word verklaar.

„Naas vernietigingsmiddele wat tans deur die mens beheer word, is politieke, rasse-, en geloofsverskille nietighede. Saam met die menslike geslag sal hierdie dinge verdwyn in die niet, tensy die mensdom gewillig is om op vreedsame wyse 'n Wêreldregering, wat by magte sal wees om die wêreldwet toe te pas, daar op te stel. Slegs op hierdie manier kan oorlog vermy word en kan vrede aan die mensdom verseker word”, lui 'n verklaring wat op die stigtingsvergadering in 1947 opgestel is.

6 AUGUSTUS

Die organisasie gedenk 6 Augustus as „Wêreldvrede- en Wêreldregeringdag”. Vier jaar gelede op 6 Augustus is die eerste atoombom op die Japanse stad Hiroshima neergelaat — en hierdie rampspoedige dag vir die mensdom moet jaarliks die aansporing wees vir hernude beywering vir wêreldregering en wêreldvrede. Die organisasie is vanjaar ook in Suid-Afrika bedrywig om daadwerklike optrede te propageer in die aangesig van die „uiters onseker toestand waarin die wêreld vandag verkeer” en ten einde herhaling van die atoomramp te voorkom en die voortbestaan van die beskawing te verseker.

MAGTE

Die wêreldregering sal, onder andere, die volgende magte besit:

1. Alleenreg op gewapende magte om as Polisiemag van die wêreld op te tree,
2. Alleenreg op die prosesse

NIE VLEIEND VIR DEMOKRATE

Aangaande die op handesynende algemene verkiesing in Wes-Duitsland, sê die Vaderland:

Die verkiesing staan gehou te word in 'n besette land waarvan die hoogste gesag by die besetter-moondhede berus. Hierdie moondhede het hulle verbind, of so word minstens voorgesê, om 'n vreedsame, vrye en welvarende Duitsland op te bou uit die afgebrande murasies, en om te keer dat Wes-Duitsland ingemessel word in 'n Bolsjewistiese struktuur. Maar die ongeluk is dat die Westerse staatsmanne in hulle optrede dusver nie bra blyke gee dat hulle rekening hou met die dag van môre nie — wanneer Duit-

van atoom- en verwante ontwikkeling wat menseslagting kan teweegbring.

3. Alleenreg op handhawing van die wêreldwet en bestraffing van oortreders.

4. Alleenreg om geld- en voedselsake te beheer ten einde die bestaan van elke mens te verseker.

Aan alle predikante in ons land is inskrywingsvorme vir lidmaatskap gestuur.

REGVERDIGHEID DIE GRONDSLAG VAN APARTHEID

Die Naturellevraagstuk is 'n nasionale vraagstuk en kan opgelos word met die goeie wil van Suid-Afrika se hele bevolking. Die vraagstuk is dié van twee rasse wat albei die volle reg van bestaan het — en hierdie bestaan kan alleen gehandhaaf word as die twee rasse as verskillende identiteite in hul gebiede kan ontwikkel.

Dit is die slotsom waartoe die kongres van die Afrikaanse

Net Die Ding Wat Rusland Nodig Het

Toe die Russiese konsul-generaal wat weens sy gesondheidstoestand so pas na Rusland teruggekeer het, verlede week afreisde van Suid-Afrika geneem het, het hy veral dank betuig aan die organisasie „Friends of the Soviet Union” vir hul beywering in verband met Russiese belange. Dit is aan hierdie organisasie te danke dat daar gedurende die oorlog 'n Russiese konsulaat in die Unie aangestel is, het hy gesê.

„Die Friends of the Soviet Union het baie gedoen om inligting omtrent Rusland in die Unie te versprei, wat 'n belangrike en lofwaardige taak is, veral op die huidige tydstip. Progressiewe mense dwarsdeur die wêreld besef die waarde van hierdie taak en deur deel te neem daaraan, voer hulle 'n daadwerklike stryd teen die oorlogshitsers”, aldus die Russiese konsul-generaal.

60 PERSENT VAN BRITTE HET KLEURVOORoordeel

Hoewel daar in Brittanje amptelik geen kleurskeidslyn gehandhaaf word nie, bestaan daar nie-amptelik een wat hom terdeë laat geld in die samelewing, en nie-blankes verklaar dat die segregasie in Brittanje hulle baie swaarder tref as wat in Suid-Afrika die geval is. As hulle moet kies, dan kies hulle die huishouding wat in Suid-Afrika in swang is.

Dit is hoofsaaklik die gevolgtrekkings waartoe die Britse blad, Picture Post, gekom het nadat hy ondersoek ingestel het na die lewensomstandighede van die nie-blankes in Brittanje, berig die Cape Times se korrespondent.

Die nie-blanke bevolking van Brittanje tel sowat 25,000. Hulle woon hoofsaaklik in Cardiff en

Liverpool. Onder die mees bevoorregtes van die nie-blanke gemeenskap is die studente van elders wat in Brittanje studeer. Maar ook hulle het 'n grief teen die blankes. Hulle kla dat die losieshuise waar hulle moet tuisgaan swak gemeubileer is, ens. Daarby wil baie min privaat persone kamers aan hulle verhuur omdat 60 persent van die huiseienaars en blanke losieshuiseienaars weier om losies of kamers aan nie-blankes te verskaf.

As iemand 'n kamer vir 'n ander huur word daar gewoonlik gevra: „Is hy swart? Ons laat nie nie-blankes toe nie.”

WERKLOOS

Baie nie-blankes in Brittanje verklaar dat die nie-amptelike skeiding tussen nie-blankes en blankes hulle baie swaar tref en dat hulle voorkeur gee aan die amptelike segregasie-beleid in Suid-Afrika en Amerika.

Baie van die nie-blankes is werkloos en hulle getal groei

aan deur verstekeling op skepe wat Brittanje onwettig binne gaan.

Picture Post verklaar: „Waar blank en nie-blank op gelyke voet in Brittanje saam leef, heers dieselfde soort atmosfeer as wat daar heers in die gemengde skole waar nie-blanke en blanke kinders saam werk en speel. Hier verdwyn alle kleur-gevoel, maar onder volwassenes is daar nog te min saamverkeer om die rassegevoel te laat verdwyn.”

Werkloosheid Neem Toe

Vir die eerste keer in sewe jaar het die werkloosheidsyfer in Amerika verlede maand tot bokant 4,000,000 gestyg.


Pragtige Modelle in Winteruitrusting BY

Steyns

Die Modewinkel PAROW

Versigtige verpakking verseker veilige aflewering

Dit is ONSEKER




Moenie goedere los verpak nie.


Dit is VEILIG




Maak alle ruimtes styf vol.



Moenie swak kartondose vir swaar goed gebruik nie.



Gebruik stewige houers wat die inhoud sal steun en beskerm.



Moenie breekbare goed onbeskerm verpak nie.



Draai elke stuk apart toe met 'n beskerming van strooi of papier.

ONTHOU TOG OM U VRAGBRIEWE TE HOU.

As u pakkie die moete werd is om te versend, is dit die moete werd om veilig versend te word. Pak sorgvuldig, bind goed vas en adresseer volledig en duidelik. Ons sal die res doen.

Die Spoorweë behoort aan u—eise word met u geld betaal

Hierdie is die eerste in 'n reeks wenke, geplaas deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë, en gemik op die veilige vervoer en snelle aflewering van goedere.

„Lebensraum” Nodig Vir Japan

'n Departementele kommissie van ondersoek insake bevolkingsgroei in Japan het verklaar dat die bevolking van Japan nou 'n punt bereik het waar dit nie meer deur geboortebepaling alleen beheer kan word nie. Na 'n ondersoek van twee jaar het die kommissie tot die gevolgtrekking gekom dat geboortebepaling gepaard moet gaan met ekonomiese heropbou-maatreëls sowel as emigrasie na die buiteland.

Japan het die grootse bevolkingsdigtheid in die wêreld met 1,354 persone per vierkante kilometer grond in vergelyking met 763 vir België en 803 vir Holland. Die jaarlikse vermeerdering van die Japanse bevolking is ongeveer een en 'n half miljoen.

DIE O.B., WOENSDAG, 10 AUGUSTUS 1949

,BINNELANDSE STRYD'

Op hierdie bladsy verskyn twee persmenings in verband met twee aspekte van die partypolitiek wat nie onopgemerk verby kan gaan nie. Die eerste is mnr. Willem van Heerden se opmerking dat die beklagenswaardige verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes in die land nie aan geskiedenisonderwysers toegeskryf moet word nie, maar aan 'n verouderde partypolitieke verdeling. Die tweede is Die Burger se gevolgtrekking dat oorlogsleiers oënskynlik nie goeie opposisie-leiers uitmaak nie.

Hierdie opmerkings word gedoen na aanleiding van twee kwellende ewels in ons openbare lewe. Terwyl daar aan die een kant gedurig gerep word van die noodsaaklikheid dat die blanke bevolking as 'n eenheid teenoor gemeenskaplike gevare moet optree, vind ons aan die ander kant die praktyk dat die twee bevolkingsgroepe voortdurend teen mekaar in die harnas gehou word deur politieke partye wat hul bestaan hoofsaaklik kan handhaaf deur die inkraling van hul stemme in 'n Afrikaanse en Engelse blok onderskeidelik. Dit is 'n onverantwoordelike wat nie hoef terug te staan vir dié van genl. Smuts en Churchill wat as opposisie-leiers die wildste verdagmaking saai teen hul bestaande regerings nie, want albei is uitvloeisels van een en dieselfde ewel — die partypolitiek wat gegrond is nie op samewerking van die volk nie, maar op onderlinge stryd wat gevoer moet word nie omdat daar enige behoefte aan stryd bestaan nie, maar alleen omdat die Britse staatsmasjinerie so 'n stryd vereis vir die funksionering daarvan. Die idee dat 'n volk as geheel moet saamwerk is onder die partypolitieke bedeling so vreemd dat niemand dit eens snaaks vind dat Die Burger byvoorbeeld in sy hoofartikel een stryk deur praat van die „manier” waarop die opposisie-leiers „die binnelandse politieke stryd voer” nie. Die beswaar is nie teen die feit dat daar 'n nuttelose en skadelike stryd gevoer word in die boesem van die volk nie, maar slegs oor die manier waarop dit gedoen word.

TOTALE OORLOG

Die geskiedenis van buitelandse oorlogvoerings het reeds klaar bewys dat oorlogvoering nie beperk kan word tot sekere metodes nie. Die neiging is dat dit ontaard tot totale oorlog, soos ons dit in die afgelope wêreldoorlog gesien het toe bomvragte by die tonnemaat op burgerlike bevolkings afgelaai is ten spyte van die oorlogsreël dat net krygsmagte onder vuur geneem mag word. Dieselfde reël geld ook vir sogenaamde „binnelandse politieke stryd” of binnelandse oorlog. Sekere voorskrifte sal vir 'n tyd lank gehandhaaf word, maar waar die parlementêre praktyk meebring totale oorwinning of totale nederlaag deurdat die oorwinnende party alleenheerskappy aanvaar en die verlore party na die politieke woestyn gejaag word, lei dit teweens ook tot 'n totale oorlog tussen die partye. Dit is dus nie net oorlogsleiers wat in onhebbelikeheid verval sodra hulle na die woestyn verdryf word nie, maar enige opposisie-leier verval in daardie grimmige luim net soos enige leier van die diereryk in norsheid verval wanneer hy deur die trop of 'n nuwe leier uitgebyt word.

REDMIDDEL

Dat oorlogsleiers of sterk figure wat groter mag of aansien ondervind het tydens hul bewind tot groter raserny gedryf sal word wanneer hulle skielik in die leë ruimte van opposisieskap verdwyn, is sielkundig te verstaan, maar dan lê die redmiddel vir die volk nie daarin om middelmatige of selfs minderwaardige leiers aan bewind te plaas met die oog op hul minder skadelike bedrywigheid as eventuele opposisie-leiers nie, maar in die afskaffing van 'n stelsel wat „binnelandse stryd” vereis ter fungering van die staatsmasjinerie. So 'n stelsel het bestaan in die gewese Boere-republiek waar daar 'n volksregering was in plaas van party-regerings wat mekaar reëlmatig afwissel. In afwesigheid van 'n amptelike opposisie — en dus ook 'n opposisie-leier — was dit die taak van elke volksraadslid om, soos dit bondig deur president Kruger in 'n toespraak opgesom is, „die volk by die regering te verteenwoordig en die regering by die volk.” Elke volksraadslid het na afloop van die sitting die wette aan die burgers verduidelik in plaas van, soos onder die Britse parlementêrestelsel, die regering oor sy wetgewing by die volk te gaan aanval. Opposisie-leiers was 'n weelde wat die Boere van die Republiek nie kon bekostig het nie omdat hul voortbestaan afgehang het van die totale samewerking van die volk. In die Vrystaat het hierdie stelsel dan ook sy vrug gelever in die harmonie wat daar bestaan het tussen Engels-sprekendes en Afrikaners wat sy aan sy geveg het teen die Britse agressor — daardie harmonie wat Engelssprekendes vandag probeer soek deur die afskaffing van geskiedenis as skoolvak en die afwesigheid waarvan mnr. Van Heerden so tereg melding maak, lê voor die deur van die politieke partye wat hulle ingrawe agter die twee bevolkingsdele van die land. Want waar dit die taak van partye is om van mekaar te verskil, spreek dit vanself dat geen makliker geskilpunt gevind kan word as die verskille wat daar tussen die twee kultuur- en taalgroepe bestaan nie. Die taal- en afkomsverskille is die natuurlike laagtes waarlangs die partywaters hul slote spoel. Hierdie volksverspoeling sal ophou sodra die partypolitieke sluise toegestop word en ons 'n stelsel kry wat op samewerking in plaas van „binnelandse stryd” gegrond is.

(vervolg in volgende kolom)

Persmenings:

Oorsaak Van Rassestryd

Mnr. Willem van Heerden skryf in Dagbreek: „Senator G. Heaton Nicholls het onlangs in 'n koerantartikel voorgestel dat die geskiedenis van Suid-Afrika, soos in die skole onder- rig, herskryf moet word. By wyse van variasie het die voor- sitter van die Natal Teachers' Association, Mnr. A. Levine, die opinie gelug dat dit geen slegte plan sou wees om die onderrig van geskiedenis vir die volgende drie, vier geslagte heeltemal op te skort nie.

„Albei beoog gesonde rasse- verhoudings. Dit is 'n motief wat met simpatie behandel moet word, en wat ek sekerlik eerbiedig.

„Maar het die geskiedenis— hetsy die onweerlegbare feite, hetsy die manier waarop dit in die geskiedenisboeke opge- skryf staan, hetsy die manier waarop dit in die skole gedoseer word—werklik veel te make met die verhouding tussen heden- daagse Afrikaans- en Engels- sprekende Suid-Afrikaners vir sover as dié nog te wense oor- laat? Ek glo nie dit is die wonde van vyftig of honderd jaar gelede wat nog bloei nie, maar wel die skrape van van- dag en gister. En die word mekaar toegebring, nie deur onderwysers nie, dog deur 'n partyverdeling wat uitgedien is, maar nog weier om die geskied- enis te aanvaar, en homself handhaaf deur verdikte vooroor- dele om te roer en vrees en wan- troue aan te wakker.”

„Verskriklike Les” Help nie

„Dit is ongelooflik”, skryf Forward „dat die Duitse volk oënskynlik niks geleer het van die tragiese, pynlike en verskrik- like les wat Duitsland geleer is nie. Al die getuïenis uit daardie land toon aan dat die Duitsers nog glad nie die Nazisme verwerp het nie. Daar is nie alleen herlewing van die ou militante gees nie, maar anti- Nazi's het uitworpelinge geword. Maar miskien is dit tog nie so snaaks nie. Vir twaalf jaar is die Duitse volk op Nazi- propaganda gevoer. Die Duit- sers is deurtrek daarvan. Dit is maar een van Hitler se baie slegte erflatings aan die mens- dom. En dit sal jare van be- stryding vereis voordat dit finaal uitgeroei kan word.”

Samewerking In Afrika

Die Volksgenoot, enigste Afri- kaanse koerant noord van die Limpopo, skryf na aanleiding

(vervolg van vorige kolom)

Het ons 'n beter bewys nodig as 'n berig van Die Burger se reisende korres- pondent oor Noord-Rhodesië? In die uitgawe van 22 Julie skryf hy oor die samewerking in daardie gebied as volg:

„In Noord-Rhodesië is daar nog nie politieke par- tye nie. Dit is persone wat gekies word. . . . Die verhouding tussen Afri- kaans- en Engelsspreken- des is oor die algemeen goed. Daar is in Noord- Rhodesië minder jingoïsme te vind as in Suid-Rhodesië of in die Unie.”

van Adv. Charles te Water, die Unie se Buitengewone Amba- sadeur, se uitgebreide reis deur Afrika en na die Europese state wat belange in Afrika het, dat die blad „die nouer samewerking wat hopelik sal volg op min- te Water se besoek, tussen die verskillende state en gebiede in Afrika van harte verwelkom. Sonder enige inmenging in die huishoudelike aangeleenthede kan die gebiede in Afrika veel beter saamwerk, veral en hoof- saaklik wa* betref die bestry- ding van kommunisme en die verdediging van Afrika in 'n ewentuele oorlog. Ook wat waterbewaring betref, die be- stryding van gronderosie en die verbetering van die verbindinge kan veel uitgerig word as daar samewerking is.”

„Kleurling-Party”

Die Verenigde Party se Nuus- brief skryf:

Met die algemene verkiesing in Mei 1948 was daar altesaam 1,314,158 blanke kiesers op die kieserslyste.

Tegelykertyd was daar 46,051 kleurlingkiesers. Dit beteken dat daar op daardie datum altesaam 1,460,209 geregistreerde kiesers in die Unie was.

Ons word herhaaldelik deur die Nasionale Party verseker dat hierdie 46,051 kleurlingkiesers 'n gevaar vir die blanke beskawing inhou, omdat die merendeel van hulle nie vir die Nasionale Party se kandidaat stem nie. Daar word bereken dat hoogstens 60 persent van die geregistreerde kleurlingkiesers hul stemme uit- bring omdat baie van hulle van- dag op die een plek werk, en móre op 'n ander. 'n Groot aan- tal kleurlinge stem ook vir die kandidaat van die Nasionale Party omdat hulle beïnvloed word deur hul Nasionale Party- werkgewers in plattelandse gebiede.

Dus—omdat die Verenigde Party ongeveer 20,00 kleurling- stemme in die hele Unie ontvang het, word hy deur dr. Malan as 'n Kleurling-party bestempel. Dit is blykbaar ook voldoende rede vir die Nasionale Party om die kleurlinge heeltemal van hul politieke regte te beroof.

Misdaad

Na aanleiding van aanrand- ings in die Kaapse Skiereiland berig Die Burger:

„Meer as ses-honderd klagtes van aanranding is verlede maand (Julie) by die sentrale aanklagkantoor in Kaapstad ontvang. In verreweg die meeste gevalle was net kleur- linge of natuurlike daarby be- trokke. Aanrandings op blankes is die uitsondering. „Sowat sestig mense word elke maand in Windermere aange- rand. By Grassy Park wissel die aantal aanrandings tussen tien en twintig per maand. Op Goodwood word sowat agtien aanrandings per maand by die polisie aangemeld en op Phillipi vier.”

Hierop is die Suiderstem se kommentaar:

Ons wil hoop dat die Malan- regering sal let op hierdie syfers wat sy eie mondstuk nou aan die publiek voorgelê het. Een van die H.N.P. se beloftes voor sy bewindaanvaarding was dat die publiek onder 'n Nasionale

Regering beter beskerm sal word. Daar is verklaar dat die Malan-regering die leeglopers en misdadigers uit die stedelike gebiede sal verwyder en die toe- stroming van natuurlike na die groot stede sou stopsit. Maar ook daardie belofte is nie vervul nie.

Daar is vandag meer natuurle en meer leeglopers in die groot stede as ooit voorheen, en as ons daarby in gedagte hou dat daar minder werk en meer armoede en ellende as ooit voorheen is, is dit geen wonder dat misdaad met die doel om geld in die hande te kry by die dag toeneem nie.

Die Burger vind so 'n tref- fende ooreenkoms tussen die opposisierolle wat genl. Smuts en Winston Churchill in hul onderskeie lande speel, dat hy van laasgenoemde praat as Brittanje se Smuts. Die blad het dit oor die onverantwoordelike uitlatings van die twee opposi- sieleiers waarmee hulle hul land groot skade berokken:

„So pas het die Britse eerste minister dit nodig gevind om die opposisie-leier tereg te wys oor die manier waarop hy die binnelandse politieke stryd voer. Juis nou dat Brittanje pogings doen om 'n groter toesegging van Marshall-dollars te verkry, het mnr. Churchill losgetrek met beskuldigings van spandabelheid teen die deur hom gehate sosialistiese bewind.

„Dit is klaarblyklik dat die land se kans nie verbeter word deur sulke uitlatings op so 'n tydstop van die kant van 'n man wat in die oorlogsjare deur die buitewêreld beskou geraak het as die versperoonliking van Brittanje nie. . . Dis is moeilik om te weet, net soos hier, presies hoeveel skade die buitensporighe- dede van 'n gewese oorlogsleier Brittanje in die buitewêreld be- rokken. Die lys van daardie buitensporighede is lank en in- drukwekkend selfs wanneer dit naas dié van ons eie Opposisie- leier gestel word.

WILDE VOORSPELLINGS

„Dit het reeds in die ver- kiesingstryd van 1945 begin, toe Mnr. Churchill die Britse kiesers sonder sukses skrik op die lyf probeer jaag het met die voor- spelling dat die Arbeider-oor- winning 'n Gestapo-staat be- teken. Daarna was daar voor- spellings van dreigende honger- snood, 'n vermindering van die bevolking met een-kwart en 'n totale verlies van buitelandse aansien—alles ten gevolge van die Sosialisme. . .

„Bevoegde waarnemers het trouens al lank gelede die mening uitgespreek dat die Konserwatiewe Party in Brit- tanje politiek gelyk het as ge- volg van die manier waarop sy leier die stryd sedert 1945 voer. Maar Brittanje het sonder twyfel ook gely.

„Gewese oorlogsleiers, in hul ydelheid gekrenk deur 'n ver- werping by die stembus, skyn nie goeie opposisie-leiers uit te maak nie.”

(Lees ons hoofartikel.)

Russe Sê Bybels Is Propaganda

'n Trok vol Bybels is ver- lede week deur die Russe belet om Berlyn binne te gaan op grond van die feit dat Bybels beskou word as „pro- paganda-leesstof.”

Wapens Van Die Toekoms Word Skrikwekkender

Die Amerikaanse Atoomkragkommissie het verlede week aangekondig dat nuwe en doeltreffender atoombomme, wat verlede jaar in die Stille Oseaan op die proef gestel is, nou op industriële skaal vervaardig word. Uraan sowel as plutonium, wat benodig word vir die bomme, word in groter voorrade as ooit tevore vervaardig.

In Sydney, Australië, het prof. Marcus Oliphant, die Britse atoomdeskundige, op dieselfde dag vertel van 'n nuwe soort chemiese oorlogvoering, nl. die verspreiding van hormone wat dodelike gifgasse afgee en wat die verskriklikste verminking en uitwissing van mense, diere en plante sal veroorsaak.

Prof. Oliphant, wat 'n vergadering van die wêreldbeweging vir federale regering toegesprek het, het gesê dat wetenskaplikes besef dat die mens se beheersing van die natuur tot hierdie tipe oorlogvoering sal lei.

Om dit toe te laat, sou kriminele dwaasheid wees, het hy gesê. Die mens sou 'n toekomstige oorlog binnegaan met 'n gevoel van terneergedruktheid en die volle besef van wat dit beteken — „die uitwissing van feitlik alles wat die mens nou koester”.

As 'n atoombom in die hawe van Sydney afgegooi word, sal dit die stadige dood van duisende beteken. Die hele stad Sydney sal ontruim moet word en sal vir 'n tydperk van jare onbewoon moet bly.

Hy het aan die hand gedoen dat 'n oplossing vir wêreldvrede gevind word deur die V.V.O. te vervang met die een of ander vorm van super-nasionale regering, wat deur die gewone mans en vroue van die wêreld verkies word.

Dit is nie die wetenskaplikes wat die wapens vir die vernietiging van die mensdom vervaardig nie, het hy gesê. Dit is die militariste en die politici in die lande wat meedoënloos aggresief is en wat reik na wêreldoorheersing.

Die Amerikaanse Atoomkragkommissie is soos volg saamgestel: Voorsitter, David E. Lilienthal ('n Jood); gewone lede, L. L. Strauss ('n Jood); R. F. Bacher ('n Jood); W. W. Waymack ('n Vrymesselaar); en S. T. Pike ('n Vrymesselaar).

Die voorsitter van die Advies-

VERVOERDIENS

Vir algemene karrewerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met

J. A. STRAUSS

Posbus 64 - - Telefoon 9-8355
P A R O W

TRANS-AFRIKAANSE VERSEKERINGSMAATSKAPPY.

'n Eg onafhanklike Suid-Afrikaanse onderneming wat deskundige versekeringsdiens aanbied — lewens-assuransie uitgesluit.

• **BRAND** • **ONGEVALLE**
• **MOTOR** • **MARINE, ENS.**
Voorsitter van die Direksie: **PROF. L. J. DU PLESSIS**
HOOFKANTOOR:

DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG
Telefoon 33-3892 - Tel. Adres „VERSEKER”

AGENTSAPPE DWARSDUR SUID-AFRIKA

AANSOEKE VIR AGENTSAPPE WORD VAN VLYTIGE AGENTE INGEWAG

ALGEMENE BESTURDER

A. C. KILBURN

Verlamming Woed Oorsee

'n Kwaai epidemie van kinderverlamming heers tans in Amerika en dele van Europa. In New York het die byna 200 gevalle wat tans in die hospitale behandel word, die hoogste merk bereik sedert 1944. Op twee plekke in Frankryk is reeds meer as veertig gevalle aange-meld.

'n Voorlopige opname word tans deur 'n Brit en 'n Amerikaanse in Midde-Afrika gemaak met die oog op 'n spoorweg wat Rhodesië en Tanganjika sal verbind. Hulle sal teen Oktober aan die Britse departement van koloniale sake verslag doen.

Jode Verander Van Voorkoms In Palestina

Die Jode maak daarop aanspraak dat daar 'n nuwe Joodse ras in Palestina aan die ontwikkel is — 'n ontwikkeling wat soortgelyk is aan die veranderings wat graan-gewasse dikwels ondergaan. Hierdie Jode sou nie net langer as hul voorvaders wees nie, maar hulle sou blond wees, sterker wat liggaamsbou betref en openbaar ook ander karaktertrekke.

Die berig uit Londen (van 'n korrespondent uit Palestina) vertel dat die jonger Jode wie se ouers ook soos hulle in Palestina gebore is, nou vier duim langer is, blou oë het en dat hulle gesigsvorm lyk soos dié van die Noordelike rasse, „maar”, voeg die korrespondent daaraan toe, „hulle neuse is nog kenmerkend van die Joodse ras”.

Hierdie Jode sou ook minder intellektueel wees en baie van hulle word nou hande-arbeiders.

Dit word deur die staat aangemoedig sodat die land ontslae kan raak van die oorskot dokters, tandartse en prokureurs.

Die meeste van die Joodse jeug, so gaan die korrespondent voort, is vrydenkers en beskou die godsdienste as uit die mode en as bygelowigheid. Al taal wat daar tans in die Joodse skole onderrig word, is Hebreeus. Dit word gedoen om te voorkom dat die Jode nie af-dwaal nie en om hulle koersvas, op die Joodse pad te hou.

Onlangs het Die O.B. ook die mededeling bevat van 'n Afrikaanse sakeman wat Palestina besoek het, dat die Jode se voorkoms besig is om te verander.

Koste Aan Sewe Gevangenes Hoër As Stadsbestuur

Die sewe Duitse leiers wat in die Spandau-tronk in Berlyn aangehou word sedert hulle deur die Neurenbergse hof gevonnis is, kos die stad Berlyn meer as die hele Berlynse administrasie, na dr. Otto Suhr, voorsitter van die Berlynse stadsraad, verlede week aangekondig het. Die uitgawe beloop £33,810 per jaar en dit sal nou verminder word na ongeveer £26,000.

Die sewe gevangenes word om die beurt deur wagte van die vier besettingsmoondhede bewaak wat 'n personeel van 350 vir die doel aanhou. Die koste word gedra deur die Duitsers in Berlyn.

Slegs een uit elke 214 Italiane besit vandag 'n motor vergeleke met een uit 145 voor die oorlog. In Suid-Afrika is die syfer nage-noeg een uit elke 4 vir die blanke bevolking.

Russe Sou Jode Na Ysstreek Deporteer

'n Klag dat die Russiese regering 'n beleid van deportasie van Jode na die bevrore Noorde begin het, is deur die Amerikaanse Joodse bond teen kommunisme by die hoofkwartier van die V.V.O. ingedien.

Die dokument beskryf die ontworteling van Jode uit hul huise met minder as 24 uur kennisgewing en skat dat ongeveer 400,000 Jode deur die deportasie, wat nog steeds voortduur, geraak is. Die bond het die V.V.O. versoek om so gou as moontlik iets te doen ten einde „hierdie skending van menslike regte” te beëindig.

Meer as 14,000 lede van Hollandse boeresinnige het reeds sedert 1947 na Kanada verhuis. Die skema sal aanstaande jaar nog voortduur.

UIT DIE WEEK SE NUUS

Die Kaapstadse kommunistiese blad berig dat die Britse regering 'n kursus in Oxford ingestel het waar uitgesoekte staatsamptenare kan leer om kommunisme uit te snuffel en daarmee af te reken.

Die Aga Khan en sy eggenote is verlede week deur vier manne, met masjiengewere gewa-pen, voor sy huis se hek voor-gekeer en van £300,000 se waarde aan juwele wat hulle gedra het, beroof.

Beheer oor botter is sedert verlede week opgehef, aangesien daar tans 10,000,000 pond botter in die koelkamers is teenoor 6,000,000 pond verlede jaar hier-die tyd.

Nuwe graansoorte wat groter opbrengste sal lewer en ryker aan voedingswaarde is, sal gekweek kan word met behulp van atoom-uitstraling wat die oorerflikheidspatroon van plan-te en diere verander, verklaar die Amerikaanse atoomkrag-kommissie.

Nadat die Unie die afgelope maande vinnig geteer het op die terugbetaling van die goud-lening deur Brittanje, was daar geen terugbetaling gedurende die tweede helfte van Julie nie, wat 'n aanduiding is dat die Unie 'n bietjie aan sterling ge-wen het die laaste tyd.

Moet Nadruk In Skole Lê Op Arbeid

„Die onderwys lê te veel nadruk op kultuur en te min op die waarde van arbeid”, het prof. dr. S. Pauw, professor in die sosiologie van arbeid en maatskaplike werk aan die Universiteit van Stellenbosch, in 'n lesing in Kaapstad voor die Instituut van Burgerskap gesê. „Leerlinge moet meer geleer word om waardevolle burgers te wees.”

Spreker het gesê dat mense wat vir 'n werk opgelei word, geleer moet word om geesdrif vir daardie werk te hê en hulle moet onder die besef gebring word dat hul werk vir hul familie en land onmisbaar is.

Professor Pauw het die mening uitgespreek dat die land se beleid met betrekking tot arbeid en rykdom gerig moet wees op verbetering van die beleid ten opsigte van die land se werkers: gesondheid van lig-gaam en gees.

„Voordat met beroepsleiding begin word, moet daar eers iets wees wat meer omvattend is, naamlik arbeidsopleiding. Dit help nie om die bekwaamheid te besit as die wil om te werk, ontbreek nie, want dan is die bekwaamheid nutteloos,” het spreker gesê.

PROBEER DIT! VIR OË-TOETS

Hoeveel Dames Sien U?

In werklikheid is daar twee: 'n jong dame wat 'n hoed met 'n sluier, 'n lang bont en 'n halssnoer aanhet, en 'n ou dame wat 'n tjalie en 'n pelsjas aanhet. Kan u hulle sien? Nee? Nou ja, hier is die aanduiding: die jong dame se halssnoer is die ou dame se mond — die jong dame se oor is die ou dame se oog. Nou sien u hulle albei!



...VIR SMAAK-TOETS

Neem twee skuiwe van enige, soort sigaret, behalwe Kommando. Moenie die eerste skuiw intrek nie, maar blaas dit sagges deur u neusgate uit. Neem nou die tweede skuiw, trek dit in en blaas dit dan deur die neusgate of deur die mond uit. Toets Kommando nou op dieselfde wyse. Let op watter sagte geurige rokie u van Kommando kry.



U OË MAG U BEDRIEG MAAR
U KAN STAAT MAAK OP U SMAAK

RONDE Kommando

20 vir 1/-, 50 vir 2/4

GI.3004

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertisings:
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.“ (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK.,** Posbus 1411, Kaapstad.

GEBORTE

VAN ROOY. — Aan mnr. en mev. A. J. van Rooy, van Bellville, 'n tweede seun in die Delherbe-inrigting, op Sondag, 7 Augustus. Dit gaan goed.

ALGEMEEN

AANDAG! Neem asseblief kennis dat ek vanaf April 'n Markagentskap begin — Munisipale Mark, Uitenhage. B

Adresseer u produkte en wees verseker van beste resultate en onmiddellike uitbetalings. — U. S. Bellingan, 9/3/49, TK

TE KOOP

BEESTE: Opreggeteelde Jerseybeeste uit die beste bloed en melk-rekords. Koele en verse. — Zeeman, Robertson. 1/12/TK

BEESTE: Opreggeteelde ongeregiteerde Frieslandbulletjes, nege maande oud; Brakfontein-Bottermyn-bloed uit 8-10-gellingkoele. Ook koele en verse. Zeeman, Robertson 13/7/T.K.

BOERMEEL met ons bekende steenmeule gemaak 21/7 per 100 lbs.; gesifte meel 24/9; witbroodmeel 26/5; 28/1 algar 100 lbs. — Le-meel 26/6; Melkmeel 22/6; Vark-vetmaakmeel 22/6 algar 150 lbs. — Welcome Dover Kombuisstowe met skoorsteenspe: Grootte 7 — £6 5/-; Grootte 8A — £7 10/-.

Sluit asseblief bankkommissie in en stuur gebruikte sakke terug. K.M.B. — Mission Store, Elim, K.P.

UIEPLANTJIES: Meeste waardevolle soort Copper King 1,000 4/6; 10,000 f1 10/-; Posvry. Bestel dadelik. — G. Human, Posbus 11, Springfontein.

HONDE.—Opreggeteelde „Pekinese“-hondjies. Twee maande oud. Reunthies f5 5s. Tefies f3 3s. Skryf aan: D. J. de Waal, Posbus 4, P.K. Ascent, Vrede. — 27/7/2B.

WATTEPALE TE KOOP: 6 voet wattepale 9d. elk. Dun pale vir tussen-in f3 10s. per 1000. Gelewer Charlestownstasie. Bestel: L. S. Buys, Amajuba, P.K. Charlestown. 10/8/56.

GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van Premiers, P.K. Schoemansnoek, Oudtshoorn. 6-4TK

GROENTESAAD

VARS GOEWERMENSGESERTIFISEERDE GROENTESAAD: Chantenay Wortel 6/6; Detroit Beet 5/6; Ice Cream Waatlemoen 8/6; Wonder en Tom Watson Waatlemoen 7/6; Honey Dew Spanspek 7/6; Little Gem, Langwitbos en Groen Hubbard Skorsie 8/-; Marvel Tamatie 30/-; Beauty and Marglobe 32/6 lb., 9/- 3/4 lb. posvry. Volledige pryslys gratis van **KANGO SAADKWEKERS**, Posbus 107, Oudtshoorn. 13/7/T.K.

IS U 'N REPUBLIKEIN?

Dan is DIE O.B. u blad

VUL ASSEBLIEF HIER IN

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....

vir die eerste.....maande.

NAAM:
(Naam en Adres in Blokketters)

POSADRES:

Handtekening.

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.
Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

GRYSHARE

ANTIGRYS KUNSMATIGE HAAR, kopvel voeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg. (Nr. 2) 10/8/T.K.

MEDISYNE

GRYSHAARWONDER laat u jonk lyk. Hou u hare fris, gezond, natuurlik en vry van skilfers. Geen kleurstof. Gewaarborg of geld terug. 5/- posvry. Geld met bestelling. Kwale, siektes behandel. — Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. (Nr. 2) 2/3/TK

MEUBELS

MEUBELS. — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stoetkarretjies, diewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSE-REMEUBELS**, Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

SOUT

SOUT vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 50/- per ton vrygelaat. Soutwerke tevredeheid gewaarborg. Adres: Komdte. Mev. Martie Venter, Posak No. X4, Arbeidsloot, Bloemfontein. 19/1/TK

G. A. FICHARDT
Bpk.
HANDELAARS
BLOEMFONTEIN

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers,
Begravnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria
154 Takke

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE,
EIERE en ander PRODUKTE aan
te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Bpk.
MOREMARK (Posbus 7185) Newtown

Groot Inkomste
Aan Wol

Suid-Afrika se aandeel in die winste wat beskikbaar gestel sal word wanneer die gesamentlike wolafset-skema beëindig word, sal slegs in belang van die land se wolbedryf aangewend word, het die Minister van Landbou, mnr. S. P. le Roux, gesê toe hy die jaarkongres van die S.A. Wolkwekersvereniging geopen het.

Die afgelope seisoen was seker die rooskleurigste wolseisoen en die Unie het 'n woltjek van £30,750,000 ontvang.

Daar is 'n groter vraag na wol as gevolg van die afname van die wêreld se skaapbevolking met 10,000,000 tot sowat 684,000,000 en die aanwassing van die menslike bevolking. Die toekoms van die bedryf is dus verseker.

Twee gevare wat egter die bedryf bedreig, is die afname van die Unie se wolgebiede en onstabiele pryse. 'n Herhaling van die daaglikse pryskommeling van die vroeë dertigerjare, moet voorkom word.

WINSTE UIT WOLSKEMA

Hy het gesê dat die Unie waarskynlik sowat £7,000,000 uit die winste van die skema sal ontvang.

Die Regering sal slegs hierdie geld vir die bevordering van die wolbedryf gebruik. Voordat enige geld bestee word, sal die S.A. Wolkwekersvereniging geraadpleeg word.

Die Wolkwekersvereniging het met eenparige stemme besluit om voort te gaan met 'n bemerkingskema na beëindiging van die huidige Gesamentlike Organisasie en dat die heffingsfonds aangewend moet word as 'n stabilisasiefonds.

Soos Ons Lesers
Dit Sien

PERDEKOMMANDO

Mnr. Jurgens Bezuidenhout, Ohriststad, skryf:

Ek wil graag 'n beroep op alle oudstryders doen om hul perde gereed te hou vir die ontvulling van die Voortrekkermonument, sodat ons nog eenmaal in ons lewe aan die wêreld kan wys hoe die veragtelike „Bekveldse“ Boere met hul langbaarde lyk. Die Engelse het gemeen dat dit net 'n brekvis sou wees om hulle kaf te loop, maar ons het hulle drie jaar lank vasgehou en daarmee die wêreld se oë oopgemaak. Ja, onse God het die Gideonse behelp sodat ons vandag nog weer as 'n volk die lig kan dra onder die banier van ons Koning Jesus.

GRIEKSE VORDER
TEEN ROOIES

Die Griekse regering, maak met behulp van die Amerikaanse ondersteuning deeglike vordering en is op pad om die burgeroorlog te wen, het president Truman aan die Amerikaanse Kongres gesê.

Hy het dit toegeskryf aan die verbeterde leierskap, die ophoping van Amerikaanse militêre voorrade, die maandelange opleiding van Griekse soldate en die vasberade beslisse en agressiewe bevel van die Griekse opperbevel.

Die president het daaraan toegevoeg dat die guerrillamagte nog sterk is en dat hulle hulp ontvang van Albanië en Bulgarye.

In sy verslag aan die Kongres in verband met die eerste kwartaal van hierdie jaar het president Truman verklaar dat die sterkte van die rebelmagte op 31 Maart op 19,830 beraam is in vergelyking met 26,000 'n jaar tevore. Daar word geskat dat daar tussen Junie 1946 en Maart 1949 sowat 70,028 rebelle gedood of gevang is. Daar is geen syfer in verband met die aantal gewondes verstrek nie.

Die Joodse staat Israel se eerste diplomatieke verteenwoordiger in die persoon van 'n konsul-generaal word op 26 Augustus in die Unie verwag. Die Unie-regering het nog nie besluit of hy 'n soortgelyke aanstelling in Tel Aviv sal doen nie.

Kommuniste
Besit Gevaarlike
Fabriek

Die heroïen (uit snuif) -fabriek wat deur die Japanners in Mantsjoerye gebou is, het in die hande van die Sjinese kommuniste geval... Hierdie fabriek vervaardig 50,000 kilogram per jaar—vyftig maal die wêreld se wettige behoefte...

Hierdie feite is aan die lig gebring deur die Amerikaanse buro vir die bestryding van handel in verdowingsmiddels. Die Amerikaners is verontrus oor die toename in heroïen-smokkelary uit Suid-Amerika na die V.S.A.

'n Verslag oor die fabriek in Mantsjoerye is aan die V.V.O. se ekonomiese en maatskaplike raad gestuur met die aanbeveling dat die raad moet seker maak dat die gebruik van verdowingsmiddels as instrument om misdaad te pleeg, ingesluit moet word in die voorgestelde konvensie vir die voorkoming en bestraffing van massamoorde.

Die verslag bring die aanbeveling regstreeks in verband met die fabriek in Mantsjoerye.

HONGERSNOOD IN
DEEL VAN UNIE

In die distrik van Peddie, een van die droogtegeteisterde hoekies van die Oiskel, het omtrent 2,000 mense, meesal kinders, en 5,000 stuks vee reeds van honger omgekóm, berig die Eastern Province Herald. En dis maar die begin van die sterfte, volgens amptenare.

Aangesien daar nie sensus-syfers vir die natuurlike-gebiede beskikbaar is nie, kan nie met sekerheid vasgestel word hoeveel mense reeds aan ontsteking van die ingewande of ondervoeding — mooi woord vir verhonger — omgekóm het nie, sê die blad. Die beraming van 2,000 mag aan albei kante sonder maar die vrektesyfer van die vee is amptelik.

Omdat die distrik van Peddie

maar 'n klein gedeeltetjie beslaan van die natuurlike-gebied in die Oostelike Provinsie kan die genoemde syfers heelwaarskynlik met tien vermenigvuldig word om die gemiddelde verliese te verkry. Die diere het onlangs eers begin vrek omdat die weer nog steeds onnatuurlik warm was. Maar as die reëns en die koue eers kom sal duisende 'n genadige dood sterf, aldus die Eastern Province Herald.

HOOP VOORBEELD
SAL NAGEVOLG
WORD IN UNIE

In 'n verklaring wat deur mnre. I. A. Cronje en J. H. Cloete, voorsitter en sekretaris onderskeidelik van die Afrikanerparty van Suidwes uitgereik is, word die hoop uitgespreek dat Suidwes se voorbeeld van samewerking „die begeerte by ons mede-Afrikanerbuffers in die Unie sal aanwakker om 'n soortgelyke stap te doen.“

Die verklaring lui:

„Daar was nog deurgaans 'n sterk begeerte by die nasionaal-gesindes, Afrikaans, Engels- en Duitstaliges, tot eensgesindheid en gesamentlike optrede in belang van Suid- en Suidwes-Afrika. En daar dit so noodsaaklik is om 'n bolwerk te vorm teen onnasionale elemente, is ons tot dankbaarheid gestem dat ons leier, mnr. N. C. Havenga, besluit het dat sy volgelinge in Suidwes-Afrika hulle kragte moet inwerp by die Nasionale Party van die gebied.

„Dit word geredelik gedoen en ons spreek die hoop uit dat hierdie samewerking sal strek tot voordeel van die Afrikanerdom, en dat hierdie voorbeeld die begeerte by ons mede-Afrikanerbuffers in die Unie sal aanwakker om 'n soortgelyke stap te doen.“

Die gemiddelde daaglikse inkomste per persoon in Egipte is 8 pennies — of f12 per jaar. In Palestina is die gemiddelde jaarlikse inkomste f26 en in Turkye f19.

Unie Voer
Gereedskap
Uit Trots
Mededinging

Suid-Afrika voer plaasgereedskap na Suid-Amerika uit. Volgens 'n aankondiging alhier het 'n fabrieksmaatskappy van Vereeniging, ondanks kwaai mededinging van Amerika en Kanada, bestellings verkry wat 'n halfmiljoen dollars vir die Unie sal inbring.

Dieselfde maatskappy het onlangs 'n bestelling vir 26,000 ploë uit Paraguay ontvang.

Die fabriek is gedurende die oorlog in Vereeniging opgerig weens die stopsetting van oorsese voorrade.

Na Die O.B. verneem, is Israel ook besig om reëlings te tref vir die invoer van plaasgereedskap uit die Unie.

Boere Jeug

AMPTELIKE

ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 10 AUGUSTUS 1949

ONS VERVOLGVERHAAL

DIE AVONTURE VAN KLEIN BEN

DEUR H. S. VAN BLERK

HOOFSTUK III

IN DIE TRONK

Die mans het nou van sy papie en van die omies se klere uitgesoek en in 'n tas gepak. Een van hulle het selfs sy oom Jassie se musiek-instrumente gevat.

Klein Ben het sommer die man bygedam en sy oom Jassie se mooi kitaar gegryp. „Oom kan nie hierdie goed vat nie. Dit is my Omie se goed en ek moet daarna kyk”, het hy vertoewend gesê.

Maar sy mammmie het weer gekeer. „Ag, laat staan maar, Bennie. Laat hulle dit maar saamvat,” het sy gesê.

Sy mammmie het moeg gelyk, want hulle is al vir 'n hele ruk besig om haar uit te vra waar sy pappie en die ander oom wat weggekom het, heen is. En nou sê een van die mans vir haar: „Mevrou, jy moet ook maar saam met ons kom.”

„Goed?” sê sy mammmie. „Bennie, haal vir jou en Sussie skoon klere uit die laai,” gebied sy haar seun.

„Maar ons kan nie die kinders saamneem nie,” protesteer die man.

„Wat moet dan van my kinders word? Ek kan hulle mos nie sonder sorg hier laat staan nie?” sê sy mammmie.

„Hulle moet agterbly. Daar is nie plek vir hulle nie,” sê die man so hard dat Sussie sommer weer begin huil. Klein Boetie huil al lankal. Maar hy huil mos sommer vir enige ding, want hy is tog te klein om te verstaan wat aangaan. Ook Bennie begin nou bang word.

„Nee, julle moet hulle maar saam met my opsluit. My kinders laat ek nie agter bly nie. En as hulle nie saam met my gaan nie, sal julle my met geweld tronktoe moet vat”, sê sy mammmie weer.

Die mans begin rondkyk en rondstaan. Hulle gesels saggies met mekaar. Dit lyk regtig of hulle nie weet wat om nou te doen nie.

„Dan sal ons dit voorlopig maar so laat, Mevrou,” sê hulle leier eindelik.

Hulle vertrek. Maar een van hulle bly voor die deur staan. Dit weet klein Ben, want hy wou gaan kyk wanneer hulle motors wegtrek met die omies wat hulle gevang het. En net toe hy by die deur uitkyk, kyk hy vas in die lelike man se kwaai gesig. Ai, maar hy het groot geskrik! Hy het toe sommer die deur toegedruk en kombuis toe gedraaf om naby sy mammmie te wees.

Die mans is so anders as die meeste omies wat klein Ben ken. Ander omies gesels tog met 'n mens of maak 'n grap. Maar hierdie mans kom vang goeie ooms en skiet met rewolwers en krap in ander mense se laaie. Dit is darem lelik. Hulle het seker nooit goeie maniere geleer nie? Miskien is dit die kwaai ou oom Jannie wat hulle so geleer het? besluit klein Ben.

Sy mammmie is besig om kos op te skep toe klein Ben in die kombuis kom. Noudat hy die geur van heerlike kos kry besef hy vir die eerste keer hoe honger hy is en val dit hom by

dat hulle nog nooit vanoggend geëet het nie. Sussie en klein Boetie het ook nou opgehou met huil. Mammmie het nog nie eers kans gehad om hulle ou vuil gessiggies af te vee nie.

„Bennie, gaan haal tog 'n waslap en vee hulle gesiggies af,” sê sy nou aan Bennie.

Maar voordat Bennie nog hierdie bevel kan uitvoer, begin Sussie plotseling weer te huil. En Boetie val ook sommer weg. Bennie kyk na hulle en kyk toe na die middeldeur. Hy skrik hom boeglam.

„Mammmie! Mammmie! hier is die speurder-oom weer,” fluister hy hees aan haar.

Sy arme mammmie skrik so groot dat hy eintlik 'n bord laat val.

„Ons het bevel gekry om jou met kinders en al weg te neem, Mevrou,” sê die man.

Sy mammmie sug. „Dan sal ek maar gaan klaarmaak,” sê sy gelate. Sy het hulle gou gewas en aangetrek en binne 'n paar minute was hulle in die vaal kar wat presies net soos die omie se kar lyk wat altyd saam met Bennie se pappie werk-toe ry.

Hulle het ver gery tot hulle by 'n groot huis gekom het in 'n omgewing waar Bennie nog nooit tevore was nie. Hier het hulle in 'n lang donker gang geloop en toe met trappies opgeklim tot hulle bo in 'n kamer gekom het.

Een van die mans het weer met Ben se mammmie kom praat. Hy het so hard met haar gepraat dat klein Boetie moes gedink het dat hy met haar raas. Hy het sommer weer begin huil.

En toe hy huil, het Sussie ook begin. Klein Ben wou ook huil want hy het baie vreemd en bang gevoel in hierdie groot huis wat so donker is. Maar hy wou nie huil nie, want hy is mos sy mammmie se groot seun. En wie sal na haar kyk as hy ook huil.

Die mans het ingekom en uitgegaan. Hulle het hard met sy mammmie gepraat en vir haar gevra waar sy pappie heen is. Maar sy mammmie het voor haar gekyk en gemaak of sy hulle nie hoor en nie eers sien nie. En hulle het toe maar uitgestap en met mekaar in 'n kamertjie langsaan gesit en gesels.

„Weet jy waar is ons nou, Bennie?” het sy mammmie skielik aan hom gevra.

„Nee, Mammmie,” het hy gesê.

„Ons is nou in die tronk, my ou seun,” het sy vertel. „En ons sal seker nie weer hier uitkom nie.”

„Hê, Mammmie?” Bennie het met bang oë na die mure van die klein kamertjie gekyk. Hy het na die dowwe elektriese ligte teen die dak gekyk. Sy oë het groter en bang geword. Dit was so 'n aaklige plek hierdie. Sy bekkie het begin skeefrek. En toe het ook hy begin huil.

En toe sy sussie en boetie hoor dat hy ook nou huil, het hulle eens so hard gehuil.

Die ou lelike oom wat aan sy mammmie vrae vra, het weer gekom en begin weer met haar praat. Maar hulle huil nou so hard dat hy syeie stem nie eers kan hoor nie.

Hy kyk kwaai na Bennie en sy boetie en sussie en vra aan

hulle mammmie om hulle tog asseblief stil te maak, want sy het nog nie eers probeer om hulle te troos nie.

„Hulle huil omdat hulle in die tronk is,” sê sy mammmie. „As julle ons huistoe laat gaan sal hulle ophou met huil. Anders kan hulle maar huil soveel as wat hulle wil.”

„Dit lyk my jy moedig hulle nog aan om te huil?” verwyf die man. „Die mense kan hulle in die straat hoor huil.”

„Dit is wat ek ook dink,” sê Bennie se mammmie.

„Ons wou jou nie opsluit nie. Maar as dit die houding is wat jy aanneem, verplig jy ons om dit te doen,” dreig die man.

„Sluit my dan maar op. Dit is mos nie die eerste keer wat julle Boerevroue opsluit nie. Ek is tog nie bang vir julle dreigemente nie.”

„Mammmie, ek is honger,” begin Sussie huilend kla.

„Mammmie het tog nie nou kos nie, my kindjie, huil maar tot hierdie ooms vir jou iets gee om te eet,” sê Mammmie aan Sussie.

„Ekke ok honge,” kla Klein-boet nou agterna.

Ook Bennie voel die pyne van die honger oor sy magie. Die gehuil wat effens afgeneem het, bereik 'n nuwe hoogtepunt.

Die ou man kyk sy mammmie boos aan. Bennie se mammmie, weer, laat dit lyk of sy die kinders se gehuil terdeë geniet, en moedig hulle eerder aan as om hulle teen te gaan. Die ou man probeer weer iets vir Bennie se mammmie sê. Maar hy bly net

(vervolg in kolom 5)

BRIEWE-KOLOM

Posbus 1411,
KAAPSTAD.
10 Augustus 1949.

Beste Maats,

Dit lyk vir ons of julle nou vreeslik hard leer en glad nie meer tyd kry om vir ons te skrywe nie. Wel, dit is baie mooi om hard te leer, maar ons sal darem bly wees om weer so af-en-toe van julle te hoor. Selfs Coenie het lank laas van hom laat hoor.

Ons wil net weer die maats daaraan herinner dat, wanneer julle jul name instuur vir die verjaardag-ketting, moet jul ook julle adresse en geboortedatums saamstuur. Ons begin van hierdie week af weer met die uitstuur van die verjaardag-kaartjies en weet gladnie waarheen om dit te stuur nie as ons nie julle adresse het nie.

Drie van ons maats, PIET, ANNA en WILLIE COETZEE van KANONEILAND, UPINGTON, skryf dat hulle lede van die Boerejeug is en ook die bladje gereeld lees. Ook die ander Boerejeugblad vind hulle baie interessant. (Noordewind, hulle Veldkornet, se kanonne het skynbaar al begin bulder soos hy belooft het, want onlangs het die Boerejeug daar 'n goedgeslaagde funksie gehou. Waar is die berig dan? — Red.)

'n Gereelde skryfster is SARIE THERON VAN KOF-

Bellville:

Onder die bekwame leiding van Kommandante Aletta Cloete en Veldkornet Gerrit van Aarde, het die Boerejeug van Bellville onlangs 'n baie geslaagde ete in die Biblioteek-saal aldaar gehou. Ruim 80 gaste is bedien en die mooi bedrag van £20 is ingesamel vir die „16-Desember-Fonds”. Onder die aanwesiges was ook Genl. D. J. van Rooy (Jeugleier) en mev. Van Rooy, J./Hfkmtd. Paul Taljaard (Stafhoof van Boerejeughoofkwartier), Hoofgeneraal J. de Vos en mev. De Vos. Oud-generaal E. G. Retief het die gaste welkom geheet waarna die Jeugleier ook 'n paar woorde uitgespreek het.

Nadat die deftige dinee verby was, is die saal aan die jongspan oorgelaat wat die res van die aand vrolik deurgebring het deur volkspele te speel.

Kaapse Skiereiland:

Nieteenstaande die harde buie reën wat oor die naweek uitgesak het, het daar vroeg Maandag-môre 'n mooi klompie Boerejeug-lede op Kerkplein, Kaapstad, bymekaargekom. Vanselfsprekend was ons mikpunt Tafelberg.

Met die bus is die klomp toe tot op Kloofnek vanwaar hulle al langs die motor-pad gestap het na een van die mooi piekniek-plekke. Hoog teen die helling van ou Tafelberg het die piekniekgangers tot halt gekom — en, vanselfsprekend begin koffiemaak. Dan en Jan en Veldknt. Bredenkamp het gesorg vir die vuur en die koffie en mev. Bredenkamp en Komdte. Cloete het die vleis gebraaai, terwyl die jongspan oral rond op die pragtige terrein gespeel het.

Teen ongeveer drie-uur het daar 'n reënbus uitgesak wat ons haastig laat oppak en laat vat het. Halfpad tussen die piekniek-terrein en Kloofnek het ons die Jeugleier en J./Hoofkmtd. Taljaard ontmoet wat op pad was om ons te besoek. Ongelukkig kon hulle nie toe saam met ons worsbraai en eet nie maar ons was darem baie bly om hom te sien. Ons hoop egter om hom binnekort weer op

'n gesellige byeenkoms in die stad te sien. Dit was dan ook 'n aangename uitmekeer gaan op Kloofnek, nadat die Jeugleier eers met ons gesels het.

'n Staptoer:

Dertig myl is oor die naweek, 23—24 Julie, te voet deur die Dienslaer van die Skiereilandse Boerejeug, afgelê. Die groep het die stad ongeveer 3-uur se kant verlaat oor Kloofnek na Houtbaai se kant toe.

Al singende en skertsend — en soms ook klaend — het ons afgedaal na Kampsbaai, vanwaar ons al langs die kuspud gestap het tot by Llandudno, 'n paar myl voordat 'n mens Houtbaai bereik. Die oorspronklike plan was om by Llandudno te oornag en die volgende oggend weer vroeg oor Constantia-nek terug te stap. Enige persoon wat al by die wonderlike strandjie was sal verstaan dat ons glad nie kans gesien het om so gou weer te vertrek nie, met die gevolg dat ons eers weer die volgende dag teen 3-uur se kant daar weg is.

Saterdagmiddag was soos alleen ons dit ken. Om 'n gesellige kampvuurtjie het ons gesit en wors braai, lag en skerts. Die nag is deurgebring in een van die groot grotte sommer langs die see en voor ons het yslike branders teen die hoë rotse opgeslaan.

Sommer te gou was dit weer oppak-tyd. Doodmoeg het ons die aand ongeveer half-sewe weer in die stad aangekom.

VERJAARDAG-KETTING

Hierdie maats verjaar gedurende die volgende week. Ons wens hulle van harte geluk.

AUGUSTUS

- 15 Hendrik Mynhardt, Vryburg. Heinrich Grobbelaar, Fauresmith. J. S. Nel, Oudtshoorn. Kieffel Rieker, Saulspoort, Tvl.
- 16 Betsie Taljaart, Goodwood. Johannes Bothma, Oudtshoorn. Magrietha Bezuidenhout, Oudtshoorn.
- 17 Naomi Rose, Oudtshoorn.
- 18 Ora Müller, Bultfontein, O.V.S.

(vervolg van kolom 3)

so skielik stil, druk sy vingers in sy ore en stap na die ander kantoortjie.

„Huil, Bennie, huil vir al wat julle werd is,” por sy mammmie hulle aan.

Na 'n rukkie kom die ou man weer terug. Hy praat baie kortaf met Bennie se mammmie. Sy glimlag net, staan op en neem Kleinboet in haar arms. „Vat Sussie se handjie, Bennie,” beveel sy, „en oppas vir die trappies.”

Eers toe hulle buite is en alreeds 'n ent met die vaal motor gery het, vra Bennie: „En waar gaan ons nou heen, Mammmie?”

„Ons gaan weer terug huistoe, my seun. En julle hoef nou ook nie meer te huil nie,” antwoord sy mammmie.

Leen u ook DIE
BOEREJEUG aan u
vriende om te lees?

Hartlike Boerejeug-groete,
DIE BOEREJEUG-REDAKSIE.

Europa Beraadslaag Oor Groter Eenheid

'n Belangrike ontwikkeling in die geskiedenis van Europa vind hierdie week in die Franse stad Straatsburg plaas, waar die eerste Europese parlement of „Raad van Europa,” soos dit bekend staan, gehou word. Onder die waaksame oog van hul ministers van buitelandse sake vergader 87 parlamentslede en ander vooraanstaande persone uit tien lande van Wes-Europa in 'n poging om groter eenheid in Europa te bewerkstellig. Die Europese Parlement sal egter nie wetgewende magte hê nie, dog net aanbevelinge doen.

Die Stigterslede is Brittanje, Frankryk, die Beneluxlande (België, Nederland en Luxemburg), Italië, Swede, Noorweë, Denemarke en die Ierse Republiek.

Die nuwe liggaam sal bekend staan as die Raad van Europa. Die organiseerders meen dat dit beter geleentheid bied om die volke te verenig as die Volkebond of die V.V.-organisasie. Die voordeel van die nuwe organisasie sal wees dat dit lande met dieselfde kulturele agtergrond en geskiedenis en met gelyksoortige politieke stelsels, verenig.

Daar word verwag dat twee strominge tydens die debatte van die Raad aan die lig sal kom, nl. Frankryk, Italië en die Benelux-lande, aan die een kant wat bereid sal wees om meer van hul soewereiniteit aan 'n Europese regering af te staan as Brittanje en die Skandinawiese lande, aan die ander kant.

Twee rigtings het reeds ontstaan, nl. die Federaliste en die Unioniste. Die Federaliste verlang dat 'n opperste federale regering soos in die V.S.A., Kanada, Australië of Indië aanvaar moet word. Die Unioniste is skynbaar ten gunste van 'n meer versigtige benadering en hulle beveel aan dat 'n konstitusionele struktuur opgebou kan word wat 'n heeltemal nuwe verskynsel sal wees.

ONTSTAAN

Die Raad van Europa het ontstaan as gevolg van Engelse pogings om nadere aansluiting by Frankryk te soek, en om België binne die groep te bring. Daaruit het eers die vyf-moondhede-verdrag van Brussel ontstaan, waaruit weer die Atlantiese verdrag voortgespruit het. In dieselfde rigting het ook die Marshallplan gewerk, wat 19 Europese lande in noue ekonomiese verband gebring het. Die Raad van Europa staan nou bokant hierdie ekonomiese en militêr-politieke groeperings.

Een van die eerste beslissings van die Raad sal waarskynlik wees oor die vraag of Oostenryk, Wes-Duitsland, Portugal, Ysland, Griekeland en Turkye toegelaat moet word. Hulle sal as volle lede of as aangeslote lede opgeneem kan word. Switserland wat ook aan die Marshallplan deelneem, meen dat sy neutraliteit deur die lidmaatskap van die Raad van Europa in die gedrang kan kom.

SAMESTELLING

Die Raad sal uit twee aparte liggame bestaan — die komitee van die buitelandse ministers van elke lid, en die beraadslagende vergadering wat sal bestaan uit vooraanstaande persone uit elke land in verhouding tot die bevolking van daardie land.

Die vergadering sal geen onderwerp mag bespreek sonder die goedkeuring van die komitee van ministers nie, en hulle mag onder geen omstandighede vraagstukke van nasionale verdediging bespreek nie. Hulle sal eenkeer per jaar byeenkom, maar nie vir langer as 'n maand nie, tensy die komitee van ministers verlof daartoe gee nie.

Die komitee van ministers sal in die geheim byeenkom en sal praktiese uitvoering gee aan die vergadering se voorstelle. In

albei gevalle word 'n beperkte maar uiters belangrike reg van veto aan elke staat wat lid is, toegeken.

KOMITEE

Die komitee van ministers het vanaf 8 Augustus in die stadsaal van Straatsburg byeengekom om die reëls van prosedure en die finansiële en administratiewe regulasies op te stel. Hulle moes ook 'n agenda vir die Raad met betrekking tot die aanbevelings van sy voorlopige kommissie in Parys opstel. Ook moes aansoek om lidmaatskap oorweeg word.

Die Britse afvaardiging bestaan uit elf lede van die Arbeidersparty, ses Konserwatiewe en een Liberale lid.

Frankryk en Italië het 18 lede in die beraadslagende vergadering. België, Nederland en Swede elk ses lede, Denemarke, Noorweë en Eire elk vier en Luxemburg drie.

GEEN KOMMUNISTE

Die Raad het sy ontstaan te danke aan die besef dat Europa moet verenig of te gronde gaan. Toe afgevaardigdes van die tien stigterlande verlede Mei in Londen bymekaar gekom het, het hulle ooreengekom dat dit wenslik is om geen Kommuniste as afgevaardigdes na die Raad van Europa te stuur nie.

Die funksies van die Raad van Europa word slegs vaag in sy grondwet omskryf. Die Britse Regering het die beginsels omskryf as die bevordering van die vrede en toewyding tot die geestelike en morele waardes wat die gemeenskaplike erfdeel van die lede is. Groter eenheid word nagestreef om hierdie beginsels te beveilig en te bevorder.

STANDPUNT

Die Franse standpunt is dat die Raad van Europa nie te eensydig Wes-Europees moet wees nie, maar dat hulle bereid moet wees om die hele vasteland, of ten minste soveel lande as wat wil aansluit, op te neem.

Italië beskou die Raad van Europa in die eerste plaas as 'n nuwe instrument vir vrede. Met hierdie doel voor oë is hy ten gunste van die oorhandiging van sekere soewereine regte aan die liggaam. Met die oog op die toekoms beskou die Italianers 'n soort van federasie of unie as die enigste permanente redding vir Europa.

Die Ierse Republiek is heelhartig ten gunste van 'n verenigde Europa, en hy sal dus waarskynlik planne vir 'n uiteindelijke federasie van Europa ondersteun.

België sal sonder twyfel ten gunste van die uitbreiding van die magte en bedrywighede van die beraadslagende vergadering wees, want hy het Frankryk van die begin af gesteun met die pleidooi vir 'n „Europese Parlement.”

Luxemburg beskou die nuwe organisasie as 'n proefneming, en het gewaarsku dat die vergadering nie 'n verhoog vir praatjiesmakers en politieke gekke moet word nie.

Nederland is nie al te geesdriftig oor die Raad van Europa nie, en beskou dit as 'n ideaal wat miskien verwesenlik kan word.

Noorweë sal waarskynlik 'n afwagterende houding inneem. Swede, wat dikwels 'n afge-

sonderde beleid volg, verwelkom die Raad as 'n geleentheid van nie-militêre internasionale samewerking.

Denemarke wil blykbaar sy bes doen om die ideaal van 'n verenigde state van Europa te bevorder, en daardeur die demokratiese deel van Europa in die diens van die vrede te stel.

Verhoor En Kollekte Vir Duitse Offisier

Veldmaarskalk Von Manstein, wat sedert die beëindiging van die oorlog deur die Britte gevange gehou word, sal op 23 Augustus voor 'n hof verskyn op aanklag van oorlogsmisdade.

In Brittanje is die gewete van sommige persone dermate deur die verhoor geprikkel dat daar 'n fonds geopen is om 'n Britse advokaat vir die Maarskalk te kry aangesien hy deur sy aanhouding in groot armoede verval het. 'n Bedrag van £1,560 is op die wyse gekollekteer. Hiertoe het ook bygedra Winston Churchill, wat by geleentheid van 'n

vrolike eetmaal in Teheran saam met Stalin en Roosevelt besluit het op die likwidering van Duitse leiers. Stalin se voorstel was om hulle voor die voet dood te skiet ná gevangeneeming, maar Churchill het aangedring op 'n verhoor omdat die Britse volk nie te vinde sou wees vir „massa-moorde” nie.

Tans dra Churchill 'n geringe bedraggie by tot die koste van die verhoor, terwyl Stalin die kop van sy slagoffer waarskynlik gratis sal ontvang.

BRITTANJE DRYF DUITERS

(vervolg van bladsy 1, kolom 5) en konstruktiewe politiek te voer, afhang van die wrywingslose samewerking met die nuwe Hoëkommissarisse, nl. Generaal Robertson (Engeland); McCloy (Amerika) en Francois Poncet (Frankryk). Hulle weet ook hoe om die ekonomiese verbetering wat deur Amerikaanse hulp moontlik gemaak word, te waardeer. Hulle weet aan die ander kant ook dat hulle 'n faktor van die Westerse Moonthede is in die wêreldpolitieke spanning. Hul politieke doel is 'n vereniging van Wes- en Oos-Duitsland, maar is oor die algemeen nie geneig om vir hierdie Duitse vereniging die prys van 'n kommunistiese heerskappy te betaal nie.

TAKT NODIG

Die Westerse moonthede sal 'n beleid van takt en insig moet volg as hulle die Duitse simpatie wil behou. Die nuwe vloedgolf van aftakelings in die Britse Sone is byvoorbeeld nie bevorderlik daarvoor nie. Op 'n tydstip wat aan sielkundige belangrikheid nie onderskat mag word nie, naamlik onmiddellik voor 'n verkiesing, doen Engeland alles moontlik om Duitsland te beledig en te dwarsboom. Daardeur kom Engeland — soos nie anders kan verwag word nie — voor 'n duidelike front te staan, van die uiterste regter tot die uiterste linkervleuel. Deur sulke maatreëls word die Duitsers teen hul wil gedwing om die Russiese taktiek te ondersteun. As die Buiteland maar net wil insien dat sulke waarskuwings geen politieke dreigemente is nie, maar 'n waarskuwing is van 'n gevaar waarvoor gehoor gevra word so-lank daardie gevaar nog afgeweer kan word.

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Bepark, Stellenbosch, vir die elenaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Bepark, Groote Kerkgebou 703, Postbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Sware Erflating Van Potsdam Tref Kerke

Meer stoflike en geestelike hulp vir die kerke van Oos-Europa word gevra in 'n dringende oproep deur die sentrale komitee van die Wêreldraad van Kerke wat so pas 'n kongres in Chichester (Engeland) gehou het. Die komitee het eenparig besluit om die saak „van baie van die kerke in Europa wat in bittere nood verkeer in hul aandeel in die groot geestelike stryd van ons dag,” pertinent onder die aandag van lede-kerke te bring.

Dr. Robert Mackie, hoof van die komitee se afdeling vir tussenkerklike hulp, het verklaar dat hydraes aan goedere en geld die afgelope jaar na Protestantse en Ortodokse kerkgroepe in Pole, Hongarye, Tseggo-Slowakye, Suid-Slawië en Oos-Duits-

land gestuur is. Hy het in die besonder 'n beroep op die kerke in Wes-Europa en Noord-Amerika gedoen om die hydraepell van die voor-oorlogse jare te handhaaf.

Volgens dr. S. C. Michelfelder, uitvoerende sekretaris van die Lutherse Wêreldfederasie, is daar 12,000,000 onwortelde vlugtlinge in Wes-Duitsland en Oostenryk. „Ons staan vandag voor 'n groter probleem as vier jaar gelede. Ons het toe geen gedagte kon vorm wat die Potsdam-ooreenkoms vir Duitsland en die kerke sou beteken nie,” het hy verklaar.

Tussen 70 en 80 persent van hierdie vlugtlinge is werkloos, het die Evangeliese biskop van Beiere gesê. Hy is van mening dat as daar nie onmiddellik en doeltreffend stappe gedoen word nie, 'n „ontploffing” gaan plaasvind wat 'n soortgelyke reaksie dwarsdeur Europa gaan hê.

Uit die sentrale komitee is 'n kommissie benoem wat ondersoek moet instel en 'n verklaring opstel oor die vraagstukke van geestelike vryheid in die Oos-Europese en ander lande van die wêreld.

Tydens die besprekings het die aangeleentheid van rasse-diskriminasie ook ter sprake gekom en sprekers het verwys na Suid-Afrika en suidelike dele van die Verenigde State van Amerika. Die saak is egter gelos nadat dr. Kenneth Grubb, van die Kerk van Engeland, die kongres gewaarsku het dat „Christelike leiers in Suid- (vervolg in vorige kolom)

SKENK

MERINO- en KARAKOELWOL vir DUITSLAND



- Hierdie vrouens en kinders is besig om met wol van Suid-Afrika te brei.
- U wolgeskenk sal nie net klere en komberse beteken nie, maar ook werk vir duisende arme bannelinge.
- Merinowol is noodsaaklik om Karakoelwol doeltreffend te verwerk.

Merk u wol DAHA en stuur dit na u eie makelaar en stel ons daarvan in kennis.

DAHA — HOOPSTRAAT 105B — KAAPSTAD